DIE TRANSVALER, DINSDAG 25 APRIL 1972.



Sers. L. G. Kleyn wat die motor voorgekeer het waarin Timol en Mohammed Essop was. Essop word nog ingevolge die Wet op Terrorisme aangehou. Die motor is by 'n padblokkade voorgekeer en die pamflette is in die kattebak gekry.

Die geregtelike ondersoek na die dood van Ahmed Timol, wat op 26 Oktober verlede jaar uit 'n venster op die tiende verdieping by John Vorster-plein geval het, is gister in die Johannesburgse landdroshof hervat.

Timol, 'n Indiër wat 'n onderwyser in Roodepoort was, is ingevolge die Wet op Terrorisme in hegtenis geneem. Hy is saam met ander aangehou. Die meeste van die aangehoudenes is intussen weer vrygelaat.



Die span wat die polisie se saak behartig gister naby John Vorster-plein afgeneem. In die middel is genl. C. A. Buys. Tweede van links is adv. S. A. Cilliers wat in opdrag van die Prokureur-generaal van Transvaal optree.